# Barrett se Taksonomie van Leesbegrip

3

| % | Vlak | Vraagvoorbeelde |
|---|---|---|
| 40% | **1. Letterlikebegrip** *(Identifiseer feite wat eksplisiet of duidelik in die teks is.)* | |
| | 1. Herken detail.<br>2. Herken hoofgedagtes.<br>3. Herken volgorde.<br>4. Herken vergelykings.<br>5. Herken oorsaak en gevolg.<br>6. Herken verhoudings.<br>7. Herken karaktereienskappe. | ▪ Wat is die name van byvoorbeeld mense, dinge of plekke?<br>▪ Wie het op die plaas gewoon? Wat is die naam van die dorp?<br>▪ Wanneer het iets gebeur?<br>▪ Watter woorde in die inleiding ...? *of* Haal die woorde aan ...<br>▪ Haal 'n woord/drie opeenvolgende worde aan wat dieselfde beteken as ...<br>▪ Vul die ontbrekende woorde in *(as die antwoorde net so uit die verhaal of gedig gehaal kan word).*<br>▪ Haal 'n vergelyking (of ander stylmiddel) aan.<br>▪ Vertel wat met die hoofkarakter gebeur het. Wat is die gevolge van ...<br>▪ Skryf (getal) redes/feite/oorsake/karaktereienskappe neer.<br>▪ Beskryf die plek of beskryf die hoofkarakter.<br>▪ Waarom het die karakter so opgetree? OF Watter verband is daar tussen die voorval en die karakter se optrede?<br>▪ Maak 'n vloeikaart om die volgorde uit te beeld. Beskryf stapsgewys ...<br>▪ Voltooi die tabel om die ooreenkomste en verskille tussen die karakters aan te dui. |
| | **2. Herorganiseer** *(Organiseer die inligting, wat eksplisiet in die teks gelees kan word, op 'n ander manier.)* | |
| | 1. Klassifiseer.<br>3. Orden of rangskik inligting of gebeure *of* ontleed of analiseer die optrede van die karakter.<br>2. Maak 'n opsomming, oorsig of samevatting.<br>4. Voeg inligting saam of maak 'n sintese daarvan. | ▪ Gee 'n definisie van ... *of* Definieer ...<br>▪ Gee 'n opsomming of samevatting of 'n oorsig van die hoofgedagtes/feite/oorsake/gevolge/voordele/nadele wat in die verhaal of gedig of leesstuk voorkom.<br>▪ Vertel die storie in jou eie woorde. OF Som dit op.<br>▪ Meerkeusevrae: Kies die regte antwoord *of* Kies wat NIE pas NIE.<br>▪ Wat is die verskille of ooreenkomste tussen twee karakters of stories of gedigte?<br>▪ Groepeer die gemeenskaplike eienskappe/faktore/elemente (d.w.s. wat by mekaar hoort) in 'n tabel of 'n Venn-diagram.<br>▪ Voeg die inligting uit die volgende bronne saam in 'n paragraaf.<br>▪ Maak 'n kopkaart om jou begrip of siening uit te druk.<br>▪ Vertaal die volgende ... |
| | **3. Afleiding** *(Reageer op inligting wat net geïmpliseer word, d.w.s. wat nié direk in die leesstuk genoem word nie, maar wat die leser self moet aflei.)* | |
| | 1. Lei ondersteunende detail af.<br>2. Lei die hoofgedagtes af.<br>3. Lei die volgorde af<br>Lei vergelykings af<br>5. Lei die verhouding tussen oorsaak en gevolg af.<br>6. Lei karaktereienskappe af.<br>7. Voorspel wat gaan gebeur.<br>8. Lei die betekenis van figuurlike taal of beeldspraak af.<br>9. Vrae oor visuele of grafiese aspekte (bv. 'n advertensie of spotprent of boekomslag). | ▪ Verduidelik of beskryf wat bedoel word met ... Wat lei jy af van die titel of omslag?<br>▪ Beskryf in jou eie woorde ...<br>▪ Hoe sal jy die tema of boodskap omskryf?<br>▪ Vergelyk twee karakters *of* gedigte *of* verhale met mekaar.<br>▪ Hoe kan die verteller of die karakter se houding afgelei word uit sy (of haar) optrede of dialoog?<br>▪ Waarom het die karakter so opgetree? *of* Wat kan jy aflei uit die woorde of optrede van die karakter? Watter karaktereienskap openbaar ___ deur sy woorde? Gee 'n karakterskets van ...<br>▪ Wat is die hoofgedagte van die paragraaf *of* Wat is die tema van die verhaal of gedig?<br>▪ Wat beteken die metafoor of vergelyking of beeld of simbool of woord?<br>▪ Wat sal waarskynlik die gevolg wees van ...*of* Wat dink jy het hierná gebeur?<br>▪ Vul die ontbrekende woorde in. *(Die woorde of begrippe staan nie in die teks nie, maar moet afgelei word.)*<br>▪ Waar/Onwaar-vrae, mét motiverings.<br>▪ Meerkeusevrae waaroor die leser moet nadink.<br>▪ Wat dink jy gebeur hierna?<br>▪ Skryf die dagboekinskrywing van die hoofkarakter. |

## 4. Evaluering (*Gee jou mening of oordeel oor dit wat in die leesstuk is.*)

| | |
|---|---|
| 1. Beoordeel realiteit of verbeelding of fantasie<br>2. Beoordeel feit of mening<br>3. Beoordeel die geldigheid.<br>4. Beoordeel die gepastheid.<br>5. Beoordeel waardes, wenslikheid en aanvaarbaarheid. | • Kon dit wat beskryf word, werklik gebeur het?<br>• Is die uitspraak in par ___ 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord.<br>• Dink jy die karakter se optrede (of dialoog) is oortuigend of realisties?<br>• Is die spreker of verteller se argument logies of geldig?<br>• Gee 'n kritiese bespreking van die optrede of die houding van die karakter<br>• Stem jy saam met die siening/stelling/interpretasie, bv. van 'n resensent, naamlik dat ...<br>• Is die volgende uitspraak 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord.<br>• Hou jy van die hoofkarakter? Motiveer jou antwoord.<br>• Wat suggereer die karakter se optrede of houding ten opsigte van sy (of haar) siening van ander mense?<br>• Lewer kommentaar oor die skrywer of die hoofkarakter se waardeoordele<br>• Dink jy die hoofkarakter is 'n rolmodel vir vandag se jeug? Motiveer jou antwoord.<br>• Bespreek die gedig as 'n voorbeeld van bv. 'n Italiaanse sonnet. *of* Bespreek die verhaal as 'n voorbeeld van geslaagde kortverhaal |

**20%**


## 5. Waardering (*Die lesers se persoonlike respons. Die volgende vraag klink na die maklikste vraag, maar dit is ook die noodsaaklikste: Het jy van die storie of gedig gehou? Waarom of waarom nie?*)

| | |
|---|---|
| 1. Emosionele respons op die inhoud.<br>2. Identifisering met die karakters of gebeurtenisse.<br>3. Reaksie op die skrywer se taalgebruik en beeldspraak<br>4. Geslaagdheid van die beeldspraak. | • Wat is jou reaksie op die konflik of dilemma van die hoofkarakter? Motiveer jou antwoord.<br>• Dink jy die hoofkarakter is 'n rolmodel vir vabndag se jeug? Motiveer jou antwoord<br>• Van watter deel van die storie of gedig hou jy die meeste en waarom?<br>• Kan jy met die karakter identifiseer? Motiveer<br>• Skryf 'n nuwe slot vir die verhaal.<br>• Bespreek of Lewer kommentaar oor die taalgebruik of die beeldspraak<br>• Bespreek die geslaagdheid of gepastheid van byvoorbeeld die inleiding, die slot, die beeldspraak of die skryfstyl of die register<br>• Kies 'n deel van die storie as teks vir jou voorbereide lees. Verduidelik jou keuse.<br>• Werk saam as 'n groep en dramatiseer die gedig of 'n deel van die storie. |

**Vrae oor 'n leesstuk, selfs tydens klasbespreking en natuurlik veral in 'n toets of eksamen moet bestaande kognitiewe of denkvlakke dek in die volgende verhouding:**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vlakke 1 en 2:** | 40% van die totaal, d.w.s. | 4 uit 10 | *of* 8 uit 20 | *of* | 12 uit 30 | *of* | 14 uit 35 |
| **Vlak 3:** | 40% van die totaal, d.w.s. | 4 uit 10 | *of* 8 uit 20 | *of* | 12 uit 30 | *of* | 14 uit 35 |
| **Vlak 4 en 5:** | 20% van die totaal, d.w.s. | 2 uit 10 | *of* 4 uit 20 | *of* | 6 uit 30 | *of* | 7 uit 35 |

## VLAK 1 – LETTERLIKE BEGRIP






Direkte kennis/ begrip/ insig/ inligting in teks **_Saam met vlak 2 – 40% van totaal_**

Indirekte kennis/ begrip/ insig/ inligting in teks

**Voorbeelde van vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| Gee twee bewyse | | |
| Bespreek | Beskryf | Rangskik |
| Identifiseer | Verduidelik | Noem |
| Vertaal | Herken | Wat het veroorsaak? |
| Wie? | Verstaan | Memoriseer |
| Waar? | Wat? | Reproduseer |
| Rangskik | Waarom? | Waarom word woorde herhaal? |
| Benoem | Definieer | Hehaal |

**TIPE VRAE (uit vorige jare se matriekvraestelle):**

**LEES EN KYK**

**Leesbegrip:**

Hoekom het die navorser Graad 3-leerders getoets?

\' t was die gemiddelde prestasie van die graad 3-leerders in 2001?

Watter taal praat leerders wat die hoogste gemiddelde persentasie syfervaardighede het?

**Gedigte:**

Benoem die stylfiguur in r.4

Gee die funksie van herhaling van "hoe hulle sing"? (r.12,17)

**Prosa en Drama:**

Uit watter karakter se gesigspunt word r.1-7 vertel?

Binne watter konteks het Iris vir Pieter die eerste keer ontmoet?


**TAAL**

Gee EEN word vir die woorde tussen hakies: Hy tree (volgens sy instink)op.

Skryf die antoniem van "inheemse" (paragraaf 4) neer.

Skryf die betekenis van "mini" (paragraaf 5). Skryf slegs EEN word neer

## VLAK 2 – HERORGANISASIE




**_Vlak 1 en 2 tel saam 40% van die totaal_**

- Analisering van feite.
- Inligting kom eksplisiet in die teks voor.
- Beginsel dat leerder begrip toon deur sake wat saam hoort te groepeer of te skei.

**'oorbeelde van vrae:**

| | |
|---|---|
| lassifiseer | Plaas in groepe |
| 'psomming van inligting | Parafrasering van inligting |
| oe verskil .. | Gee direk uit die teks (sonder analise) |
| as ...toe | Kies |
| emonstreer | Illustreer |
| efen | Los... op |
| ebruik | Skryf |

**TIPE VRAE (uit vorige jare se matriekvraestelle):**

**LEES EN KYK**

**esbegrip:**

a' het die navorsing oor die invloed van taal vir die navorsers gewys? Noem TWEE dinge (paragraaf 2)

:m jy saam met die volgende stelling? Motiveer jou antwoord.

ie min leerders kry meer as 70% vir toetse."

**digte:**

al n frase uit r 13-20 aan wat daarop dui dat die spreker van mening is dat die geloof en sang van die


ordeeldes tevergeefs is.

**Prosa en Drama:**
Maude se woorde in r. 1-2 kan op die vooruitwysing vir Cavernelis dui. Verduidelik hierdie stelling deur na die slot van die drama te verwys

**TAAL**

Gee die korrekte idiomatiese uitdrukking vir "goeie vriende" (paragraaf 2)
Brei "'n grafiese ontwerper van Kaapstad" (paragraaf 6) uit tot 'n byvoeglike bysin.
Skryf die eerste sin van paragraaf 8 oor en stel die ontkenningsfout reg. Skryf die frase korrek neer

## VLAK 3: GEVOLGTREKKING




***Vlak 3: 40% van die totaal***

- Intuïsie en persoonlike ervaring.
- Idees en inligting wat eksplisiet in teks voorkom
- Denke en verbeelding wat verder as geskrewe teks strek – Maak afleidings en stel hipoteses.

| **Voorbeelde van vrae:** | |
|---|---|
| Maak afleidings | Afleiding van woord -, frase en uitdrukkings/ betekenisse |
| | Ander moontlike oplossings |
| Hoofgedagtes van paragrawe | Vergelyk situasies met mekaar |
| Voorspelling van wat moontlik kan gebeur | Afleiding van karaktertrekke |
| Wat dink jy wou die skrywer bereik? | Afleiding van woordbetekenisse uit konteks |
| Voorspelling van reaksie van karakters | Analiseer |
| Interpretasie van figuurlike taalgebruik | Kategoriseer |
| Bereken | Bevraagteken |
| Differensieer | |

**TIPE VRAE (uit vorige jare se matriekvraestelle):**

**LEES EN KYK**

**Leesbegrip:**
Navorsing het getoon dat leerders in 2007 baie goed presteer het.
Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?
Motiveer jou antwoord met EEN SIN uit paragraaf 2.


**Gedigte:**
Verduidelik die betekenis van die beklemtoning in "óm".
Hoe kan die "laaste nagwaak" (r.9) met die "veroordeeldes" (r.10) se situasie in verband gebring word?

**Prosa en Drama:**
Watter karaktereienskap kan jy uit r.8-9 van die fokalisator aflei?
Watter teenstrydighede is in die naam van die karakter "Baas" geleë?

**TAAL**

Die laaste sin van paragraaf 11 is 'n voorbeeld van gevoelstaal. Skryf die sin oor om dieselfde boodskap neutraler weer te gee.
Wat beteken die uitdrukking "ons voeg die daad by die woord" (paragraaf 1)?

## VLAK 4: BEOORDELING VAN INHOUD




***Vlak 4 en 5 tel saam 20% van die total***

| Beoordeel 'n teks en vergelyk gegewe idees met | | | |
|---|---|---|---|
| Eksterne kriteria | Interne kriteria | By soortgelyke bronne | Eie ondervinding, kennis en waardes |

| **Voorbeelde van vrae:** | Ooreenkomste en verskille |
|---|---|
| Feite en betekenis | Werklikheid of onwerklikheid |
| Stem jy saam of stem jy nie saam nie? | Goed of sleg |
| Verbande met ander verhale of dele van dieselfde verhaal | Beoordeling van waarde |
| Beoordeling van akkuraatheid geldigheid aanvaarbaarheid | |

**TIPE VRAE (uit vorige jare se matriekvraestelle):**

**Leesbegrip:** **LEES EN KYK**

Watter ingesteldheid word deur die groot persoon se liggaamshouding oorgedra? 7

Beskryf die trant waarin hierdie resensie geskryf is in 'n volsin.

**Gedigte:**

Watter betekenisverband kan aan "ruimte" (r.6) gekoppel word?


Watter kontras word deur die word "anderkant" (r.4) ten opsigte van die verlede gesuggereer?

**Prosa en drama:**

Gee die kontrasterende siening wat Peter en Iris aan die naam "Iris" heg.

Wat is die ooreenkoms tussen die persoon wat in die verlede die buffelhorings daar vasgekap het en die hoofkarakter in die roman?

## VLAK 5: WAARDERING




***Vlak 4 en 5 tel saam 20% van die totaal***

Subjektiewe respons

**Voorbeelde van vrae:**

Impak van teks op leser

Hou jy van die teks? Motiveer.

Emosionele respons met betrekking tot die inhoud van die teks, karakter of gebeure.

Skrywer se taalgebruik

Wat is jou siening van die gebeure?

Identifisering met karakters

**TIPE VRAE (uit vorige jare se matriekvraestelle):**

**LEES EN KYK**

Bespreek kortliks in 3 volsinne die redes vir die spesifieke voorkeur vir EEN van die drie disse op BJ se ontbytspyskaart.

Op grond waarvan kan die leser aflei dat die seuntjie met die vishoek in sy vinger se noodroep nie die gewensde reaksie by die res van die karakters uitgelok het nie?

**Gedigte:**

Gee die emotiewe waarde wat die alleenplasing van die woorde in r. 5 en r. 6 het.

Wanneer jy as leser hierdie gedig lees, kom jy onder die indruk dat die skeiding tussen mense onnodig is. Motiveer hierdie stelling deur na die betrokke reëls in die gedig te verwys.

**Prosa en gedigte:**

Motiveer of jy dink dat daar wel iemand was wat Baas dopgehou het?

Wat sou jy,as leser, gedink het na aanleiding van Ta Vuurmaak se "waarheid" in r.6-7?

**BRONNE:**

Alcantara, R.D.Et al. 2003. Teaching strategies (for the teaching of the communication arts: listening, speaking, reading and writing.) Fillipyne

Louis Fridge. 1999. Focus on comprehension – Teachers Resource Books 1 + 2. Thomas Nelson & Sons Ltd. Chelten

**Tabel 3: Kognitiewe vlakke vir assessering**

| Kognitiewe vlakke | Aktiwiteit | Persentasie per taak |
|---|---|---|
| **Letterlik** (Vlak 1) | Vrae wat handel oor inligting wat direk / eksplisiet in die teks staan.<br>• Noem die dinge / mense / plekke / elemente ...<br>• Noem die feite / redes / aspekte / idees ...<br>• Identifiseer die redes / persone / oorsake ...<br>• Maak 'n lys van die aspekte / feite / name / redes ...<br>• Beskryf die plek / persoon / karakter ...<br>• Vertel van die insident / episode / ervaring ... | **Vlakke 1 en 2: 40%** |
| **Herorganisering** (Vlak 2) | Vrae wat analise, sintese of herorganisasie van inligting vereis wat direk / eksplisiet in die teks staan.<br>• Maak 'n opsomming van die kerngedagtes / voordele / nadele ...<br>• Gee die verskille / ooreenkomste ...<br>• Gee 'n oorsig van ...<br>• Groepeer die gemeenskaplike elemente / faktore ... | |
| **Afleiding** (Vlak 3) | Vrae wat vereis dat 'n leerder inligting wat eksplisiet in die teks staan, interpreteer na aanleiding van sy of haar persoonlike ervaring.<br>• Verduidelik die hoofgedagte ...<br>• Vergelyk die idees / houdings / aksies ...<br>• Wat wil die skrywer / karakter bereik met / deur ...<br>• Wat is die skrywer (of karakter) se bedoeling / houding / motivering / rede ..<br>• Verduidelik die oorsaak / gevolg van ...<br>• Wat verklap 'n optrede / opmerking / houding oor die verteller / skrywer / karakter ...<br>• Hoe beïnvloed die metafoor / vergelyking / beeld jou begrip van ...<br>• Wat dink jy sal gebeur indien ... | **Vlak 3: 40%** |

| Kognitiewe vlakke | Aktiwiteit | Persentasie per taak |
|---|---|---|
| **Evaluering**<br>**(Vlak 4)** | Hierdie vrae handel oor die beoordeling van waardes, houdings en oortuigings. Dit sluit in beoordeling van werklikheid, geloofwaardigheid, feite en menings, geldigheid, logika asook die gewenstheid en aanvaarbaarheid van besluite en optredes in terme van morele waardes.<br>• Dink jy dat ...<br>• Is die skrywer se argument geldig / logies ...<br>• Bespreek krities / lewer kritiese kommentaar op die optrede / bedoeling / houding / implikasie ...<br>• Stem jy saam met die siening / standpunt / waarneming / vertolking ...<br>• Is die skrywer / verteller / karakter na jou mening, geregverdig as hy of sy voorstel dat ... (Motiveer jou antwoord. / Gee redes vir jou antwoord.)<br>• Is die karakter se houding / optrede na jou mening regverdigbaar of aanvaarbaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.<br>• Wat sê 'n karakter se optrede / houding oor hom in die konteks van universele waardes?<br>• Bespreek die waardeoordeel wat in die teks gemaak word. | **Vlak 4 en 5: 20%** |
| **Waardering**<br>**(Vlak 5)** | Die doel van hierdie vrae is om die impak van die teks op die leerder te assesseer. Die vrae fokus op die leerder se emosionele respons op die inhoud, identifisering met karakters en reaksies op die skrywer se taalgebruik (woordkeuse en beelde).<br>• Bespreek jou reaksie op die teks / insident / situasie / konflik / dilemma.<br>• Simpatiseer jy met die karakter? Wat sou jy doen indien jy in dieselfde situasie was?<br>• Bespreek / Lewer kommentaar op die skrywer se taalgebruik.<br>• Bespreek die doeltreffendheid van die skrywer se styl / inleiding / gevolgtrekking / beelde / stylfigure / literêre middels. | |